# H O O F S T U K V

## ALGEMENE SKOOLORGANISASIE EN ADMINISTRASIE

### 1. Inleiding

Aangesien daar sekere aspekte van die algemene skoolorganisasie en administrasie is wat in ander hoofstukke bespreek word, word dit nie hier behandel nie. Ewe-eens word klassifikasie van skole, personeelvoorsiening en ander aangeleenthede wat ook op die organisatoriese aspekte betrekking het, elders behandel. Hierdie hoofstuk handel veral oor die werksaamhede en aktiwiteite binne en om die skool.

In die breë gesien skakel die skool organisatories veral deur twee kanale met die Departement. Die professionele sy van die skoolwerksaamhede vind aansluiting deur die inspekteur van skole, terwyl aangeleenthede van 'n suiwer administratiewe aard regstreeks by die verskillende afdelings van die administratiewe personeel van die Departement inskakel. Dikwels is dit nodig dat die inspekteur ook adviserend ten opsigte van die suiwer administratiewe aangeleenthede optree.

Uit die ontwikkelingsgeskiedenis van die onderwys in Suidwes-Afrika blyk dit dat die inspekteur vroeër, veral wat die afgeleë plekke betref, in 'n groot mate sowel professioneel as administratief, die skakel tussen die skool en die Departement was. Met verloop van tyd het die inspekteur se administratiewe pligte minder geword en kon hy die professionele aspekte beter behartig.

### 2. Personeelorganisasie

#### a. Die hoofonderwyser

Die Onderwys Proklamasie bepaal dat iedere skool onder die toesig en beheer van 'n onderwyser wat die hoofonderwyser genoem word, staan. Waar daar net een onderwyser aan 'n skool verbonde is, word hy as die hoofonderwyser beskou [1].

Volgens wet is die hoofonderwyser daarvoor verantwoordelik om die werksaamhede van die skool op 'n

billike / .... 114

1. Onderwys Proklamasie, 1926, artikel 53.

billike wyse tussen die lede van die personeel te verdeel en toe te sien dat die meeste pligte nie net op een onderwyser val nie [1].

In die praktyk moes die hoofonderwyser die volle verantwoordelikheid vir die organisasie en doeltreffende funksionering van sy skool aanvaar. Dit is onmoontlik om 'n volledige lys van die baie uiteenlopende verantwoordelikhede van hoofonderwysers te gee, maar in volgorde van belangrikheid kan die hooffunksies soos volg saamgevat word:

(1) professionele leiding en beheer van die skoolwerk;

(2) 'n werklike aandeel in gereelde klaswerk;

(3) organisasie en administratiewe werk.

Uit die verslae van inspekteurs van skole blyk dit dat hoofonderwysers die nodige professionele leiding gegee het deur gereeld klasbesoeke af te lê, leiding aan onervare onderwysers te gee, skriftelike werk van leerlinge [2] en die voorbereidings- en verslagboeke van onderwysers gereeld en deeglik te kontroleer [3]. Van elke hoofonderwyser is verwag om die voorgeskrewe tyd aan werklike onderrig te bestee.

Aangesien daar aan feitlik alle skole koshuise verbonde was, moes die hoofonderwyser ook die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Dit het egter geblyk dat, veral by die groter skole, die dubbele las en verantwoordelikheid te swaar op die skouers van die hoofonderwyser gerus het, en die skeiding van die pos van hoofonderwyser en superintendent het wenslik geword [4]. Hierdie skeiding het later plaasgevind.

b. Die onderhoof

Die onderhoof is in die eerste plek klas- of vakonderwyser. Wanneer die hoofonderwyser afwesig is,

neem die/ .... 115

1. Onderwijs Proklamatie, 1921, artikel 43 (c).
   Onderwys Proklamasie, 1926, artikel 51 (3).
2. Jaarrapport, 1950, 11.
3. Jaarrapport, 1949: Rapport van Inspekteur van Skole, Suid, 3.
4. Id., 2.

neem die onderhoof in sy plek waar.

Wat die organisasie- en administrasiewerk betref, is hy die hoofonderwyser se regterhand en die skoolhoof kan na gelang van omstandighede sekere verantwoordelikhede aan hom opdra. Wat die professionele werk betref, kan aan hom ook binne perke sekere take opgedra word, maar die hoofonderwyser is en bly in die eerste plek die professionele leier van sy skool.

Die onderhoof is vir sy optrede aan die hoofonderwyser verantwoording verskuldig. Onder alle omstandighede is die hoofonderwyser vir alle sake rakende sy skool verantwoordelik.

Die feit dat die onderhoof in 'n gesagsposisie onder die hoofonderwyser geplaas word, gee aan die hoofonderwyser stukrag en ook 'n persoon wat in 'n vertrouensposisie geplaas is. Wanneer daar 'n goeie verhouding tussen die twee persone bestaan, kan hulle vir mekaar en vir die skool baie beteken.

Aangesien onderhoofposte eers in 1959 ingestel is [1], kon die praktiese uitwerking daarvan nog nie getoets word nie.

c. <u>Assistent-onderwyser: Spesiale graad (A.S.G.)</u>

Met die toenemende verantwoordelikhede wat op die hoofonderwysers begin rus het, is daar in 1947 A.S.G.-poste ingestel vir onderwysers wat spesiale verantwoordelikhede gedra of in spesiale vakke onderrig gegee het. Die pligte van die A.S.G. sou ooreenkomstig die opdragte van die hoofonderwyser, met goedkeuring van die Departement wees [2].

Soos ook uit die wetsbepalings blyk, is daar in hoërskole 'n pos van A.S.G. vir 'n persoon van die teenoorgestelde geslag as dié van die hoofonderwyser ingestel [3]. Klaarblyklik was die bedoeling dat hierdie onderwyser die belange van die leerlinge van die

teenoor-/ ... 116

1. U.K.-notule, 22.9.1959. Besluit 921 op Memorandum E1/12/8/1, gedateer 14.9.1959.
2. Jaarrapport, 1947, 6.
   Proklamasie no. 16 van 1947, artikel 4.
3. Onderwys Proklamasie, 1926, artikel 6 (a).

teenoorgestelde geslag as dié van die hoofonderwyser moes behartig. Daar is van tyd tot tyd besondere take van ŉ organisatoriese of administratiewe aard aan die A.S.G. opgedra.

d. Assistent-onderwysers

Ten opsigte van die assistent-onderwyser bepaal die Wet dat hy hom gedurende die gereelde skoolure alleen aan die uitvoer van sy pligte mag wy [1]. Verder word die onderwyser se verantwoordelikheid nie slegs tot die werksaamhede binne skoolure en op die skoolterrein beperk nie. Daar kan ook van hom verwag word om deel te neem aan ander sake en werksaamhede wat die algemene belang en welsyn van die skool raak [2]. Die hoofonderwyser moet sorg vir ŉ billike verdeling van die werk tussen sy assistent-onderwysers [3].

ŉ Onderwyser mag weier om sekere opdragte uit te voer indien hy gewetensbesware het. In so ŉ geval moet hy die hoofonderwyser en die skoolkomitee daarvan in kennis stel, waarop die hoofonderwyser die saak vir beslissing aan die Direkteur moet voorlê [4].

In die lig van die voorafgaande is ŉ onderwyser se diens vir alle werksaamhede voltyds tot beskikking van die skool. Die hoofonderwyser het ook die reg om van ŉ onderwyser te verwag om in enige standerd of in enige vak onderrig te gee [5].

e. Klerklike hulp

Uit die aard van sy organisasie is daar noodwendig baie administratiewe werk wat in ŉ skool gedoen moet word. Daar is veral werksaamhede wat geredelik deur ŉ klerk of beampte sonder onderwysers-kwalifikasies gedoen kan word. In afwesigheid van sodanige klerklike hulp moet die hoofonderwyser kos-

bare tyd/ .... 117

1. Onderwys Proklamasie, 1926, artikel 51 (1).
2. Id., artikel 51 (2).
3. Id., artikel 51 (3).
4. Id., artikel 51 (2).
5. Id., artikel 54.

bare tyd aan hierdie werk wy. Hy kan wel van sy personeel verwag om hom te help, maar dan geskied dit ook ten koste van hulle professionele werk en van die buitemuurse bedrywighede van die skool.

Die vraagstuk van administratiewe hulp aan hoofonderwysers, veral met die steeds groterwordende skole, het al dringender geword. Die Direkteur was van mening dat die A.S.G.-poste eintlik bedoel was vir onderwysers wat vanweë hul opvoedkundige ervaring en bekwaamheid vir aanstelling sou kwalifiseer. Omdat daar nie altyd onderwysers was wat aan die vereistes voldoen het nie, kon die poste soms nie gevul word nie.

Om die moeilikheid te oorkom het die Direkteur voorgestel dat onderwysers met minder ervaring teen vergoeding aangestel word om die hoofonderwyser met klerklike werk behulpsaam te wees. Na deeglike oorweging het die Uitvoerende Komitee die aanstelling van „skribas" by groter skole goedgekeur [1].

Alhoewel die skriba-stelsel moontlik verligting gebring het, bied dit nog nie die oplossing nie. Die S.W.A.O.U. het trouens van tyd tot tyd versoek dat die administratiewe pligte van hoofonderwysers verlig word [2]. Die Direkteur was die saak goedgesind, maar die Uitvoerende Komitee was nie geneë om die beginsel te aanvaar nie [3].

Die Onderwys-/ .. 118

1. U.K.-notule, 10.7.1952. Besluit 552 op Memorandum A179/35, gedateer 19.6.1952.

   Id., 9.9.1952. Besluit 722 op Memorandum A179/35, gedateer 19.8.1952.

   SKAAL VAN VERGOEDING

   | A. Primêre skole | B. Sekondêre en hoërskole |
   |---|---|
   | Onder 100 lle. - geen. | Onder 50 lle. - geen. |
   | 100 - 199 lle. - £25 p.j. | 50 - 99 lle. - £25 p.j. |
   | 200 - 349 lle. - £40 p.j. | 100 - 199 lle. - £40 p.j. |
   | 350 + lle. - £50 p.j. | 200 - 299 lle. - £50 p.j. |
   | | 300 - 399 lle. - £60 p.j. |
   | | 400 + lle. - £70 p.j. |

2. S.W.A.O.U.-notule: Kongresbesluite 1952, 1954 en 1956.

3. Jaarrapport, 1955, 8.

   U.K.-notule, 18.3.1955. Besluit 292 op Memorandum A179/168, gedateer 2.3.1955.

Die Onderwyskommissie het tot die gevolgtrekking gekom dat „die baie nie-professionele pligte wat onderwysers vandag verrig, stremmend inwerk op die opvoeding van die jeug van Suidwes" [1]. Die Kommissie het vervolgens aanbeveel dat klerklike hulp aan skole en koshuise verskaf word. Daar is voorgestel dat 'n bedrag aan 'n skool op grond van die leerlingtal beskikbaar gestel word, en dat die wyse waarop die bedrag bestee word, in oorleg en met die goedkeuring van die inspekteur van skole moes geskied [2].

In sy memorandum, wat deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur is, het die Direkteur soos volg aanbeveel:

„1. Aansoeke om klerklike hulp by skole sal oorweeg word op voorwaarde:

(i) dat die Onderwysdepartement daarvan oortuig is dat die verskaffing van die hulp sal bydra tot meer doeltreffendheid in die skool se aktiwiteite;

(ii) dat die skool oor die nodige akkommodasie beskik om 'n geskikte werkplek vir so 'n klerk te kan verskaf (die hoof se kantoor word nie as geskik beskou nie);

(iii) die dienste van 'n geskikte persoon verkry kan word (normaalweg kan eggenotes van onderwysers nie in aanmerking vir sulke betrekkings kom nie).

2. By die bepaling van die noodsaaklikheid van klerklike hulp vir 'n skool word die koshuisaangeleenthede en die skoolhoof se aandeel daaraan in berekening gebring.

3. Die Onderwysdepartement stel 'n formule op vir die verskaffing van klerklike hulp aan skole, gebaseer op dié wat van toepassing is in Kaapland".

Aangesien daar aan die groter skole onderhoofde aangestel sou word, het die Uitvoerende Komitee besluit om voorlopig af te sien van die oorweging van

verdere / .... 119

---

1. Verslag van die Onderwyskommissie 1958, 147,
2. Id., 147 - 148.

verdere klerklike hulp aan skole [1].

Behalwe dat daar by wyse van 'n tydelike maatreël in 1957 'n sekretaresse by die Windhoekse Hoërskool aangestel is [2], was die posisie in 1960 nog onveranderd.

f. Opsigters by skole

Die S.W.A.O.U. het in 1954 begin om vertoë tot die Departement te rig vir die aanstelling van blanke opsigters by skole [3]. Alhoewel die funksies nie duidelik omskryf is nie, sou die opsigters waarskynlik vir die algemene toesig oor die skoolgeboue, die nie-blanke werknemers en die instandhouding van die skoolterrein verantwoordelik wees.

Die aanstelling van opsigters by 26 skole met meer as 150 leerlinge is oorweeg, maar dis bevind dat die uitgawe wat daaraan verbonde sou wees, te hoog was. In die lig van die groot uitgawe is die aanstelling van opsigters nie goedgekeur nie [4].

3. Die interne skoolprogram

a. Die skoolkalender

Die interne skoolprogram moes by die skoolkalender wat deur die Departement opgestel word, aanpas. By die opstel van die skoolkalender moet die Direkteur aan sekere vereistes, soos deur die onderwyswet bepaal, voldoen. Die wet lê neer dat daar vier skoolkwartale in elke kalenderjaar moet wees, dat elke skoolkwartaal geheel en al binne 'n kalenderkwartaal moet val en dat geen kalenderkwartaal meer as een skoolkwartaal mag insluit nie [5].

Die vaste/ ... 120

1. U.K.-notule, 18.11.1959. Besluit 1095 op Memorandum E1/1/14, gedateer 5.11.1959.
2. Id., 12.8.1957. Besluit 872 op Memorandum E2/6, gedateer 25.7.1957.
3. S.W.A.O.U.-notule: Kongresbesluite 1954, 1958.
4. U.K.-notule, 22.7.1955. Besluit 895 op Memorandum A179/196, gedateer 28.6.1955. Beraamde uitgawe aan salarisse en kapitaal vir behuising sou ongeveer £65,000 beloop.
5. Onderwys Proklamasie, 1926, artikel 85 en 86.

Die vaste voorskrifte van die wet is toe te skrywe aan die feit dat die diensvoorwaardes van onderwysers hoofsaaklik op die beginsel van kalenderkwartale gebaseer is. Indien skoolkwartale nie binne kalenderkwartale sou val nie, sou dit die toepassing van die diensvoorwaardes onmoontlik maak.

Die vierkwartaalstelsel, met kort vakansies in Maart en Oktober, het heelwat bespreking uitgelok omdat dit van die Duitse stelsel wat in gebruik was, verskil het [1]. Die Windhoekse Skoolkomitee was van mening dat die kort vakansies maar kon verval en dat daar slegs langer onderbrekings tydens die Christelike feesdae kon wees. Daar is ook besluit om die Direkteur te versoek om ʼn drietermynskooljaar te oorweeg [2].

Paas- en pinksterfees het vir die Duitse bevolking ʼn besondere betekenis, en van tyd tot tyd is in vertoë vir vergunnings in daardie verband gevra [3]. In Suidwes-Afrika is dit trouens wenslik dat die Paasnaweek in die Aprilvakansie moet val. Die feit dat die eerste kwartaal binne die eerste kalenderkwartaal moet val, bemoeilik soms so ʼn reëling.

Uit die skoolkalender wat vir die jaar 1924 gepubliseer is, blyk dit dat daar nie ʼn Aprilvakansie was nie en dat die beginsel van ʼn drietermynskooljaar tog deurgevoer is. Om aan die vereistes van die wet te voldoen het die eerste kwartaal op 31.3.1924 geëindig en die tweede kwartaal het op 1.4.1924 begin [4]. Hierdie reëling moes ʼn lang tyd in gebruik gewees het, want in 1932 het die S.W.A.O.U. sonder sukses gevra dat daar ʼn onderbreking tussen die eerste en tweede kwartale moes wees [5].

Die gebruik dat skole na ʼn skoolvakansie op ʼn Maandag heropen het, het nie almal se goedkeuring weggedra nie./ ... 121

1. Landes Zeitung, 18.3.1922.
2. The Windhoek Advertiser, 9.8.1922. Notule van die tweede vergadering van die Windhoekse Skoolkomitee.
3. Landes Zeitung, 18.6.1923, 1.12.1923.
   The Windhoek Advertiser, 7.6.1923.
4. Landes Zeitung, 24.11.1923.
5. S.W.A.O.U.-notule: Kongresbesluit 1932.

gedra nie. Besware van die ouers [1] en 'n versoek deur die Hoofbestuur van die S.W.A.O.U. [2] kon die owerhede nie beweeg om 'n verandering aan te bring nie [3]. Op aandrang van predikante van die N.G. Kerk het die skole in 1953 as 'n proefneming op Dinsdae begin [4]. Vanaf 1955 het dit 'n permanente reëling geword [5].

Die dag waarop skole sou sluit, is ook van tyd tot tyd oorweeg en gewysig om by omstandighede aan te pas [6]. 'n Faktor soos treinaansluitings het byvoorbeeld 'n belangrike rol gespeel. Wat wel vir die skoolorganisasie van belang was, is die feit dat hoofonderwysers die leerlinge na goeddunke aan die einde van die voorlaaste skooldag van die kwartaal huis toe kon stuur, sodat onderwysers op die laaste dag hulle werksaamhede vir die kwartaal kon afrond [7]. Hierdie vergunning is later teruggetrek want in 1958 het die S.W.A.O.U. vir 'n herinstelling daarvan gevra [8]. In 1960 moes leerlinge op die laaste skooldag die skool minstens drie skoolure lank besoek.

'n Reëling waaraan die Duitse skole gewoond was en wat by hulle inslag gevind het, was om op Saterdae skool te hou [9]. Enige plan om dieselfde reëling op staatskole toe te pas sou nie die goedkeuring van die onderwyserskorps wegdra nie. In 1945 het die S.W.A.O.U.-kongres onder andere die volgende besluit geneem:

„Hierdie kongres versoek die Departement baie beleefd dog dringend om af te sien van enige plan om op Saterdae skool te hou daar dit die doodsklok van onderwys in ons land sal beteken" [10].

b. Die skool-/..122

---

1. E655: Notule van die Adviserende Onderwysraad, 10.6.1931.
2. S.W.A.O.U.-notule: Hoofbestuursbesluit, 19.5.1951.
3. U.K.-notule, 12.6.1951. Besluit 358 op Memorandum 668/1, gedateer 6.6.1951.
4. Jaarrapport, 1953, 13.
5. Id., 1954, 7.
6. S.W.A.O.U.-notule: Hoofbestuursbesluit, 19.5.1951. Kongresbesluite 1957.
7. Id.: Hoofbestuursbesluit, 4.5.1950.
8. Id.: Kongresbesluite 1957.
9. Landes Zeitung, 17.3.1924.
10. S.W.A.O.U.-notule: Kongresbesluite 1945. Educa, Junie 1945.

b. Die skoolrooster

Ingevolge die Onderwys Proklamasie moet elke skool minstens vyf uur per dag vir onderrigdoeleindes oop wees. Die direkteur mag goedkeuring verleen om van hierdie bepaling af te wyk, maar alleen in buitengewone gevalle mag daar toestemming verleen word om minder as vyf-en-twintig uur per week onderrig te gee [1].

By die praktiese toepassing van die wet het dit geblyk dat die 25 uur aan werklike onderrig gewy moes word en dat pouses nie daarby ingesluit was nie [2]. Gedurende die warm maande het dit, veral vir die kleintjies, ŉ baie lang en vermoeiende dag beteken. Die Adviserende Onderwysraad het gevolglik die mening uitgespreek dat daar op buitengewone warm dae nie tussen twaalf- en eenuur skoolgehou moes word nie. Aangesien so ŉ reëling van plaaslike omstandighede sou afhang, het ŉ lid van die Raad aanbeveel dat skole versoek moes word om nie die klein kind op warm dae tot die uiterste toe aan te spoor nie [3]. Inspekteurs van skole is versoek om spesiale aandag aan die aangeleentheid te gee. Kinders in die substanderds moes ŉ minimum van 4 uur per dag onderrig ontvang [5].

Die Departement het die leerplan met ŉ vaste indeling van tye vir die verskillende vakke aan die primêre skole voorsien. Die hoofonderwyser moes dan volgens die gestelde vereistes die daaglikse en weeklikse roosters vir sy skool opstel. Dit blyk dat alle skole nie dieselfde duur vir periodes aanvaar het nie en dat die meeste ten gunste van periodes van 40 tot 45 minute was, terwyl ŉ minderheid ook periodes van 30 tot 35 minute gebruik het. Die algemene opvatting was dat daar in die warm klimaat niks ten gunste van die korter periodes aangevoer kon word nie [6]. In 1960 het

die Direkteur/ .. 123

---

1. Onderwys Proklamasie, 1926, artikel 85.
2. The Windhoek Advertiser, 2.10.1926.
3. E655: Notule van die Adviserende Onderwysraad, 26.11.1930.
4. Id., 10.6.1931.
5. E602: Voorlegging aan Direkteur, 22.4.1940. Leerplan vir die primêre skool 1953, 7.
6. Jaarrapport, 1942: Rapport van Inspekteur van Skole, Suid, 3.

die Direkteur as leidraad by die opstel van roosters in die primêre skool die tydindeling op nege lesure per dag gebaseer, nl. ses lesure van 35 minute elk en drie van 30 minute elk. In die substanderds kon daar selfs leseenhede van 15 en 30 minute wees. Alhoewel die roosters vir sekondêre en hoërskole die verantwoordelikheid van die hoofonderwysers was, het die Departement ook daar ten opsigte van die aantal periodes per vak, gebaseer op periodes van 40 minute elk, leiding gegee.

Oor die algemeen het hoofonderwysers hulle verantwoordelikhede ten opsigte van die skoolrooster goed nagekom, alhoewel die inspekteurs ook soms rede tot klagte gehad het [1].

c. Huiswerk

Oor hierdie aspek van die skoolorganisasie is min bekend alhoewel 'n groep ouers reeds in 1922 gekla het dat die skoolprogram vir substanderds A en B en standerd I oorlaai was en dat te veel huiswerk gegee word [2]. In antwoord op navraag van die Windhoekse Skoolkomitee, wat die klagtes ontvang het, het die Direkteur aangevoer dat die leerplanne geen huiswerk in die substanderds en slegs 'n halfuur in standerds I en II vereis het [3].

Die reëling wat in 1952 gegeld het en wat nog van toepassing is, is dat tot en met standerd II geen huiswerk gegee moet word nie. In standerds III tot V mag 'n redelike hoeveelheid skriftelike huiswerk gegee word, maar dit moes eweredig oor die hele week versprei word. Hoofonderwysers moes toesien dat die voorskrifte uitgevoer word [4].

4. Opvoedkundige/ .. 124

---

1. Jaarrapport, 1943: Rapport van Inspekteur van Skole, Suid, 2.
   Jaarrapport, 1944, 32.
   Jaarrapport, 1947: Rapport van Inspekteur van Skole, Noord, 4.
2. The Windhoek Advertiser, 4.11.1922. Notule van 'n vergadering van die Windhoekse Skoolkomitee, 7.9.1922.
3. Id., 13.12.1922. Notule van die Windhoekse Skoolkomitee, 26.10.1922.
4. Leerplan vir die primêre skool 1953, 8.

## 4. Opvoedkundige hulpmiddele

### a. Lesvoorbereiding en werkskemas

Voor 1935 is die ou „Record and Mark Book" van die Kaapse Onderwysdepartement gebruik. Voor in die boek moes die onderwyser sy werkskema, in vier kwartale ingedeel, inskrywe. Hierdie werkskema was eintlik maar net die leergang wat in vier kwartale ingedeel was. Na die werkskema het 'n beknopte weeklikse verslag van gedane werk gevolg. Skriftelike lesvoorbereiding was nie verpligtend nie [1].

In 1935 het die nuwe direkteur, mnr. W. Orban, wat in daardie jaar diens aanvaar het, versoek „to submit to inspectors of Schools fairly detailed schemes of work outlining briefly the subject matter, the division of the subject matter over the school year, the general methods to be employed by them and the time to be devoted to each subject" [2]. Hierdie werkskemas, wat taamlik volledig moes wees, moes jaarliks opgestel en aan die inspekteur vir goedkeuring voorgelê word. Dit het in 1949 daartoe aanleiding gegee dat die S.W.A.O.U. die Departement versoek het om werkskemas wat deur sowel die hoofonderwyser as die kringinspekteur goedgekeur is, nie weer deur onderwysers te laat oorskryf nie, solank hulle dit persoonlik aan dieselfde skool en vir dieselfde klas gebruik. Die Departement het toegestem met die voorbehoud dat die hoofonderwyser of die kringinspekteur na goedduhke van 'n onderwyser kan verwag om wysigings aan te bring of om 'n nuwe skema op te stel [3].

Gedurende die veertigerjare is al meer en meer klem op skriftelike voorbereiding gelê. Die voorbereiding moes op 'n daaglikse grondslag geskied [4].

Die onderwyser se toerusting vir sy taak het in

1960 nog/ .... 125

---

1. Meegedeel deur mnr. B. van der Merwe, onderwyser in Suidwes-Afrika sedert 1925, wat nog een van hierdie boeke in sy besit het.
2. Jaarrapport, 1935, 9.
3. S.W.A.O.U.-notule: Kongresbesluite 1949.
4. Jaarrapport, 1944, 32.

   Jaarrapport, 1947. Rapport van Inspekteur van Skole, Noord, 4.

1960 nog bestaan uit sy werkskema, sy weeklikse verslag en sy daaglikse lesvoorbereiding. Die werkskema en verslag kan met vrug gekombineer en die onderwyser se taak daardeur met 'n groot hoeveelheid skriftelike werk verlig word.

b. Oudiovisuele apparaat

Volgens beskikbare gegewens skyn dit asof daar nie in die aanvangsjare besondere aandag aan opvoedkundige apparaat en hulpmiddele bestee is nie. In 1931 het die Departement daarin geslaag om die meeste skole van kaarte vir aanskouingsonderwys te voorsien [1]. Tot selfs in 1944 nog het 'n inspekteur van skole verklaar dat die meeste skole nog oor geen apparaat of versamelings van plante of diere beskik nie en die onderrig van 'n vak soos Natuurstudie derhalwe nog baie teoreties was [2]. 'n Beroep op onderwysers om sentrale versamelings van monsters en illustrasiemateriaal op te bou het 'n baie teleurstellende reaksie uitgelok [3].

Die opvoedkundige rolprent het die belangstelling van die onderwysers geprikkel, en in 1938 verklaar die Kongres dat dit as 'n waardevolle hulpmiddel beskou word en versoek hulle die Departement om reëlings met die Unie-onderwysdepartement te tref sodat skole in Suidwes-Afrika skoolrolprente van die Buro kon huur [4]. Om lid van die Nasionale Filmbiblioteek te kon word moes die Departement 'n redelike pro-rata-bydrae tot die fonds vir die aankoop en produksie van films maak. Die Departement het nie kans gesien om die vereiste bydrae te maak nie en gevolglik kon skole nie van die dienste gebruik maak nie [5].

Skole het uit eie fondse projektors begin aankoop, en in 1945 is 'n versoek tot die Departement ge-

gerig om/ .... 126

1. Rapport omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1931, 39.
2. Jaarrapport, 1944: Rapport van die Inspekteur van Skole, Sentraal, 22.
3. Id.: Rapport van die Inspekteur van Skole, Suid, 32.
4. S.W.A.O.U.-notule: Kongresbesluite 1938.
5. Educa, Junie 1939, 28. Briefwisseling tussen die Departement, die Direkteur van die Filmbiblioteek en die Sekretaris van die S.W.A.O.U.

gerig om 'n sentrale fonds vir die aankoop van filmapparaat te stig. Skole en die Departement moes saamwerk en op 'n £-vir-£-basis apparaat aankoop. Die Direkteur het gunstig op die voorstel gereageer en het geantwoord dat 'n bedrag op die begroting aangevra en op die £-vir-£-basis beskikbaar gestel sou word [1]. Skole het in 'n toenemender mate rolfilmprojektors aangekoop sodat 40 skole in 1950 en 51 skole in 1956 oor hierdie apparaat beskik het [2].

In 1949 het die hoof van die Unie-onderwysdepartement se filmdiens 'n toer deur Suidwes-Afrika gereël met die doel om opnames vir 'n opvoedkundige film te maak. Tydens sy besoek het hy op verskeie plekke kort kursusse in verband met filmonderwys gehou [3]. Hierdie besoek het 'n nuwe stimulus aan die gebruik van die film as opvoedingsmiddel besorg en ook die strokiesprojektor onder die aandag gebring.

In 1950 het 5 en in 1956 21 skole oor strokiesprojektors beskik en in daardie jaar was daar 660 strokiesfilms in besit van skole [4]. Die aankope van strokiesfilms is moontlik gemaak deur 'n £20-bydrae van die Departement op die £-vir-£-basis aan elke skool wat met sy goedkeuring 'n projektor aangekoop het [5].

Gaandeweg het die behoefte aan meer en doeltreffender aanskouingsmateriaal gegroei en ontwikkel. Die S.W.A.O.U. het om die verskaffing van meer en beter geïllustreerde materiaal gevra asook ruimer voorsiening vir die aankoop van apparaat vir alle vakke, insluitende Liggaamlike Oefening [6]. Die Departement se mening was dat heelwat materiaal deur onderwysers en leerlinge self bymekaargemaak kon word [7] en dat

apparaat/ ... 127

1. S.W.A.O.U.-notule: Kongresbesluite 1945. Educa, November 1945, 20.
2. Jaarrapport, 1950, 8. Jaarrapport, 1956, 19.
3. Jaarrapport, 1949, 16: Rapporte van inspekteurs, 3, 11, 21.
4. Jaarrapport, 1950, 8. Jaarrapport, 1956, 19.
5. U.K.-notule, 12.6.1951. Besluit 376 op Memorandum A179/142, gedateer 6.6.1951.
6. S.W.A.O.U.-notule: Kongresbesluite 1945 en 1949.
7. Educa, November 1945, 20.

apparaat vir liggaamlike oefening op die £-vir-£-basis aangekoop kon word [1].

Met die koms van die organiseerder van kindertuinonderwys in 1960 moes die Departement ruim voorsiening maak vir die basiese materiaal waaruit hulpmiddele vervaardig kon word.

Ten gevolge van die swak radio-ontvangs in Suidwes-Afrika kan daar nog nie doeltreffende gebruik van radiolesse gemaak word nie.

c. Skoolboeke en skryfbehoeftes

Alhoewel skryfbehoeftes streng gesproke nie as ɲ hulpmiddel beskou kan word nie, het die verskaffing daarvan volgens ɲ vaste beleid geskied, wat saam met die verskaffing van handboeke bespreek word.

Die 1921-wetgewing het bepaal dat die verskaffing van boeke en skoolbenodigdhede aan leerlinge tot en met die sesde standerd gratis sou wees. Indien leerlinge egter die boeke of benodigdhede verlore laat gaan of vernietig het, sou die ouer sodanige verlies moes vergoed [2].

In 1926 is die beleid egter gewysig en sou vry onderwys nog die kostelose voorsiening van uitrusting en skoolbenodigdhede insluit, maar nie die verskaffing van boeke en skryfbehoeftes aan leerlinge nie. Die Administrateur kon egter deur regulasie fondse beskikbaar stel om aan behoeftige ouers se kinders boeke en skryfbehoeftes teen verminderde pryse te verskaf [3].

Volgens die regulasies [4] word boeke en skryfbehoeftes aan leerlinge in staatskole of staatsondersteunde skole teen pryse wat van tyd tot tyd deur die Direkteur vasgestel word, verskaf. ɲ Bepaling dat die afslag op boeke en skryfbehoeftes wat aan koshuisleerlinge verkoop word, in verhouding met die verminderde koshuisgelde sou wees, is in 1941 herroep [5],

omdat dit/ ... 128

1. S.W.A.O.U.-notule: Antwoorde op kongresbesluite 1949.
2. Onderwijs Proklamatie, 1921, artikel 75.
3. Onderwys Proklamasie, 1926, artikel 93.
4. Offisiële Koerant: G.K. no. 129 van 1926. Regulasies 1 tot 5.
5. Id.: G.K. no. 66 van 1941.

omdat dit ongelyke bevoorregting in die hand gewerk het [1]. Op aanbeveling van die hoofonderwyser kon die Direkteur die nodige boeke en skryfbehoeftes gratis of teen verminderde pryse aan behoeftige leerlinge voorsien, mits die totale afslag nie 25% van die totale bedrag van boekverkope aan die skool oorskry nie.

Die verskaffing van boeke en skryfbehoeftes teen verminderde pryse aan behoeftige leerlinge is vanaf 1952 ook na leerlinge in die sekondêre en hoërskool uitgebrei [2].

Die toepassing van die beleid, wat by die hoofonderwysers berus het, het heelwat probleme veroorsaak, en dit het soms geblyk dat hoofonderwysers nie altyd op hoogte van die prosedure was nie [3]. Die Onderwysersunie het gevolglik versoek dat die Departement self die afslag moes bepaal en dat hoofonderwysers van die verantwoordelikheid onthef moes word. Die Direkteur het nie aan die versoeke voldoen nie en in 1960 is dieselfde beleid nog toegepas [4].

Pogings van die kant van 'n Direkteur van Onderwys om boeke vry beskikbaar te stel, het nie geslaag nie. Die beginsel dat die ouer 'n bydrae vir die opvoeding van sy kind moet lewer is gesond, maar die wyse waarop hy sy bydrae lewer, kan moontlik heroorweging geniet. Die bestaande beleid bemoeilik nie net die organisasie en administrasie van die skool nie, maar waar die ouer versuim om betyds die benodigdhede aan te koop, benadeel dit ook die kind.

Die behoefte aan 'n geskikte leerboek vir die onderrig van Aardrykskunde en Geskiedenis in Suidwes-Afrikaanse skole is sterk aangevoel. In 1924 het een van die inspekteurs 'n skoolboek oor aardrykskunde geskryf [5] en op die inisiatief van die Adviserende Onderwysraad het dr. Vedder, 'n lid van die

Raad, / .... 129

1. Jaarrapport, 1941, 7.
2. Jaarrapport, 1951, 5.
   U.K.-notule, 2.7.1951. Besluit 422 op Memorandum 629/5, gedateer 16.6.1951.
3. Jaarrapport, 1948: Rapport van Inspekteur van Skole, Suid, 2.
4. S.W.A.O.U.-notule: Kongresbesluite 1957.
5. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1924, 49.

Raad, ŉ boek oor die geskiedenis van Suidwes-Afrika saamgestel [1].

Na 1935 is daar boekekomitees aangestel om boeke wat van tyd tot tyd deur uitgewers aan die Departement gestuur is, te lees en aan die Departement daaroor verslag te doen.

Op ŉ versoek van die S.W.A.O.U. het die Direkteur die aanstelling van ŉ departementele boekekomitee in die vooruitsig gestel. Die onderwysers sou in die komitee verteenwoordiging geniet en die funksie van die komitee sou wees om die Direkteur in verband met die geskiktheid van skoolboeke en aanverwante aangeleenthede te adviseer [2]. Sodanige komitee is ingestel en het in 1960 nog bestaan.

d. Die skoolbiblioteek

Die beginsel van £-vir-£-bydraes vir die aankoop van skoolbiblioteekboeke bestaan sedert die eerste wetgewing in 1921 [3]. Vanaf 1922 tot 1935 is daar egter min, indien enige, hulp verleen en het slegs sowat agt van die grootste skole oor ŉ skoolbiblioteek, dit wil sê, oor biblioteekboeke, beskik [4].

Sedert 1935 is jaarliks wisselende bedrae vir die aankoop van biblioteekboeke uitbetaal. Afgesien van die finansiële hulptoelaes aan skole is daar geen positiewe stappe met die oog op deskundige voorligting in verband met die organisasie en beheer van skoolbiblioteke gedoen nie.

Met enkele uitsonderings is die staande gebruik die van sogenaamde klasversamelings, m.a.w. elke klaskamer beskik oor ŉ hoeveelheid boeke vir leesdoeleindes. Die sentrale biblioteek bestaan in baie gevalle nie, en waar dit wel bestaan, kom dit nie tot sy reg nie.

Sedert 1960 word biblioteeklokale by primêre en

sekondêre/ ... 130

1. E655: Notule van die Adviserende Onderwysraad, 10.6.1931.
2. S.W.A.O.U.-notule: Kongresbesluite 1958.
3. Onderwijs Proklamatie, 1921, artikel 130. Onderwys Proklamasie, 1926, artikel 153.
4. Rapport omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1932, 46.

sekondêre skole volgens standaardplanne voorsien.

Daar bestaan 'n ernstige behoefte aan die daarstelling en uitbouing van doeltreffende skoolbiblioteke.

5. Buitemuurse aktiwiteite

a. Skoolkadette

Gedurende 1939 moet die stigting van kadetkorpse by skole onder oorweging gewees het, want die Direkteur verklaar in sy verslag dat die Departement weens sekere tekorte wat nog in die onderwys bestaan, skepties teenoor die voorgestelde stigting van korpse by skole gestaan het [1].

In 1944 het die hoofonderwyser van die Windhoekse Hoërskool aansoek om die instelling van 'n kadetafdeling by sy skool gedoen. Die Adviserende Raad het egter aanbeveel dat daar eers inligting oor die organisasie, die koste van die uitrusting en wie daarvoor verantwoordelik sou wees, ingewin moes word [2]. Die ondersoek het onder andere aan die lig gebring dat die gewilligheid van die kadetoffisiere om die gewysigde Afrikaeed te onderteken 'n voorwaarde vir die stigting van 'n kadetkorps sou wees. Uit 'n opname by skole het geblyk dat daar wel sommige onderwysers belanggestel het, maar dat hulle veral weens die eedaflegging nie beskikbaar was nie. In die lig hiervan is besluit om tot na die oorlog te wag [3].

Teen die einde van 1945 het die Adviserende Raad aanbeveel dat kadetkorpse op 'n vrywillige basis by primêre en sekondêre skole gestig mag word, mits die ouers nie beswaar sou opper nie [4]. Dit blyk dat goeie vordering gemaak is, want in 1952 was daar 1,308 kadette met 45 offisiere [5], wat tot 1,656 kadette met 51 offisiere in 1955 vermeerder het [6].

Met die oorplasing van die standerd VI-leerlinge

na die/ ... 131

1. Jaarrapport, 1939, 6.
2. A.R.-notule, 6.10.1944.
3. Id., 12.3.1945.
4. Id., 18.10.1945.
5. Jaarrapport, 1952, 20.
6. Id., 1955, 23.

na die sekondêre skool is die kadetafdelings by primêre skole ontbind, en gevolglik het die aantal kadette in 1956 verminder tot 1,132 met 40 offisiere [1].

Die Administrasie het baie gedoen om die kadetbeweging in skole in stand te hou. Toe daar in 1953 verneem is dat die kadetstelsel in primêre skole in die Unie van Suid-Afrika afgeskaf sou word, is 'n bedrag van £1,000 bewillig om die voortbestaan daarvan in Suidwes-Afrika te verseker [2]. In 1956, toe kadette in die Unie tot standerd VII en hoër beperk is, het die Administrasie ingestem dat kadetafdelings in primêre skole ontbind sou word, maar hulle het voortgegaan om 'n subsidie te betaal sodat standerd VI-leerlinge nie uitgesluit sou word nie [3]. Hierdie reëling het in 1960 nog bestaan.

b. <u>Kulturele bedrywighede</u>

Ook in Suidwes-Afrika het die skool sy taak ten opsigte van die kulturele vorming en ontwikkeling van die kind nie versaak nie. Terwyl die werk binne die skole, veral in die vroeër jare, 'n sterk akademiese inslag gehad het, is die kulturele aktiwiteite buite die skool beoefen.

Reeds in 1927 het die hoofonderwyser van die Leutweinstraatse skool tot die oortuiging gekom dat kulturele en sportbedrywighede in skole op 'n landswye grondslag georganiseer moes word. 'n Organisasie is gevolglik op tou gesit om hierdie ideaal te verwesenlik. In 1928 is daar twee aparte organisasies gestig, 'n eisteddfod om die kulturele aktiwiteite te behartig en die Suidwes-Afrika Interskole Kampioenskap Sport (S.W.A.I.K.S.) om die sportbedrywighede, veral atletiek, te organiseer [4].

Die program vir die jaarlikse kunswedstryde waar-

aan alle/ ... 132

---

1. Jaarrapport, 1956, 19.
2. U.K.-notule, 1.12.1953. Besluit 983 op Memorandum A179/4, gedateer 8.11.1953.
   Id., 10.5.1954. Besluit 460 op Memorandum A179/29, gedateer 20.4.1954.
3. Id., 22.7.1955. Besluit 919 op Memorandum A179/29, gedateer 14.7.1955.
4. The Windhoek Advertiser, 5.6.1929.

aan alle skole in die gebied kon deelneem, het ŉ groot verskeidenheid nommers, onder andere instrumentale musiek, sang, letterkunde en musiek komposisie, danse, teken en skilder ingesluit [1]. Na afloop van die kompetisies is ŉ pryswennerskonsert gehou [2].

Daar is gereeld elke jaar ŉ eisteddfod gehou totdat die depressie dit beëindig het. Behalwe die sentrale eisteddfod is daar ook plaaslike interskoolbyeenkomste gehou [3]. In 1960 het die Uniefeesvierings aanleiding gegee tot die herinstelling van jaarlikse kunswedstryde, wat vir alle skole in die gebied in Windhoek gehou word [4].

Indiwiduele skole het gedurende al die jare in ŉ mindere of meerdere mate kulturele aktiwiteite soos debatsverenigings, volkspele, filmvertonings, sang, voordrag en so meer, beoefen [5]. Handearbeid in die vorm van tuinbou en huisvlyt is ook nie agterweë gelaat nie [6].

Om die kulturele vorming verder uit te bou is daar ook by skole jeugbewegings soos die Voortrekkers, Boy Scouts en Girl Guides gestig [7]. Hierdie bewegings is toegelaat om gedurende die Tweede Wêreldoorlog in skole te bestaan, en die versekering is aan onderwysers gegee

dat hulle/ .... 133

1. The Windhoek Advertiser, 20.2.1929.
2. Id., 28.5.1930.
3. Jaarrapport, 1943: Rapport van Inspekteur van Skole, Suid, 2.
   Id., 1947: Rapport van Inspekteur van Skole, Suid, 2.
4. Id., 1960, 11.
5. Rapport omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1931, 39.
   Jaarrapport, 1943: Rapport van Inspekteur van Skole, Suid, 2.
   Id., 1953, 44.
6. Rapport omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1929, 48.
   Id., 1932, 45.
   A.R.-notule, 16.4.1934.
   Jaarrapport, 1938, 3.
7. Id., 1939, 6.

dat hulle nie optrede teen hulle hoef te vrees indien hulle aan die Voortrekkerbeweging se werksaamhede sou deelneem nie [1]. Alhoewel die jeugbewegings nie direk aan skole verbonde was nie, het die inisiatief, veral ten opsigte van die Voortrekkers, in ŉ groot mate van die onderwysers en die skole uitgegaan.

c. Sport

Nieteenstaande baie gebrekkige fasiliteite het skole ook aktief aan sport deelgeneem. Die vernaamste sportsoorte wat by skole beoefen is, is atletiek, voetbal, korfbal, tennis, hokkie, krieket en ringtennis [2]. Later het ook netbal, boks [3], swem [4] en ander spele bygekom.

In 1928 is ŉ begin met S.W.A.I.K.S. gemaak, en volgens beskikbare inligting is daar betreklik gereelde jaarlikse byeenkomste in Windhoek gehou [5]. In 1936 het die S.W.A.O.U. besluit dat daar eers wyksbyeenkomste gehou moes word en dat net die beste deelnemers na Windhoek vir die kampioenskapsbyeenkoms gestuur moes word.[6].

Met die uitbreiding van die skole en die toenemende getal deelnemers het daar ŉ groot behoefte aan ŉ doelmatige sportterrein waar hierdie jaarlikse byeenkoms gehou kon word, ontstaan. Met die ruim finansiële bystand deur die Administrasie is daar ŉ sportveld met ŉ pragtige pawiljoen op die terrein van die

Windhoekse/ .. 134

1. Educa, Maart 1942, 22. Brief van Direkteur aan die Provinsiesekretaris van „Die Voortrekkers".
2. Rapport omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1931, 39.
3. Jaarrapport, 1943: Rapport van Inspekteur van Skole, Suid, 2.
4. Id., 1948: Rapport van Inspekteur van Skole, Noord, 2.
   Watersportbyeenkoms te Kalkfeld vir noordelike skole gehou.
5. The Windhoek Advertiser, 20.2.1929, 23.3.1929.
   Educa, Junie 1939, 27.
   Rapport omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1931, 39.
   Rapport omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1932, 45.
6. S.W.A.O.U.-notule: Kongresbesluite 1936.

Windhoekse Hoërskool aangelê [1].

Die Direkteur kon met reg in 1953 verklaar: „Danksy die baie omvattende stelsel van mededinging wat in die afgelope jare in die land se skole ontwikkel het, geniet sport uitstekende aandag" [2].

In 'n groot en uitgestrekte land soos Suidwes-Afrika gaan die beoefening van skoolsport met groot opoffering en onkoste gepaard. Selfs dit kon egter die entoesiasme van die Suidwesonderwyser en -leerling nie demp nie.

## 6. Skoolfinansies

Behalwe die onderwysfasiliteite en toerusting wat die staat voorsien, is daar ook die bykomstige, soms baie noodsaaklike, fasiliteite en uitrusting wat slegs op 'n £-vir-£-basis aangekoop kan word. Voorts is daar ook ander uitgawes soos terreinverbetering, vervoer van leerlinge in verband met buitemuurse bedrywighede en nog baie ander waarvoor die skool uitsluitlik verantwoordelik is.

Dit is trouens aanvaar dat 'n skool sy eie fondse moet insamel om in die nodige behoeftes te voorsien. Die inisiatief om die fondse in te samel het gewoonlik van die onderwysers of van die skoolkomitees uitgegaan en die samewerking van die ouers en ander belangstellendes is ook verkry.

Die volgende bedrae gee 'n aanduiding van hoe die totale fondsinsamelings vir alle skole met die verloop van tyd gestyg het:

| | |
|---|---|
| 1929 - £512 | 1947 - £6,834 |
| 1934 - £608 | 1951 - £7,805 |
| 1938 - £1,634 | 1956 - £11,270 |

Die inspekteurs van skole is vir die nasien van die skoolfondsboekhouding verantwoordelik gehou. Gebrekkige en uiteenlopende metodes van boekhouding het dit 'n baie tydrowende taak gemaak, met die gevolg dat inspekteurs die Departement versoek het om 'n

eenvormige/ .. 135

1. U.K.-notule, 10.1.1957. Besluit 145 op Memorandum E2/6/1.
2. Jaarrapport, 1953, 14.

eenvormige stelsel voor te skryf [1]. Die Departement het aan die versoek voldoen, en so 'n stelsel het vanaf 1.10.1948 in werking getree [2]. 'n Paar jaar later is die fondse onder die gesamentlike beheer van die skoolkomitee en die hoofonderwyser geplaas met die opdrag dat die boekhouding kwartaalliks afgesluit moes word [3]. Die skoolkomitees moes die boekhouding van tyd tot tyd nasien, en van die inspekteurs is verwag om toe te sien dat behoorlike kontrole uitgeoefen is.

Fondsinsameling was gewoonlik die primêre doel met die hou van skoolfunksies. Sedert 1950 is doelbewuste pogings egter aangewend om die skoolfunksies ook 'n opvoedkundige doel te gee. Die Direkteur het die wens uitgespreek dat skole ook aan die ouers die geleentheid moes bied om kennis te neem van wat sowel binne as buite die skool verrig word [4]. Goeie vordering is deur die hou van ouerdae, uitstallings van skoolwerk, konserte en vertonings van buitemuurse werksaamhede gemaak. Hierdie optrede kan alleen daartoe bydra om die ouerbelangstelling in die skool aan te wakker.

## 7. Samevatting

Die skoolorganisasie en administrasie begin by die skoolpersoneel, wat uit die hoofonderwyser en sy assistentonderwysers bestaan. Die personeel is verantwoordelik vir die doeltreffende funksionering van die skool. Aangesien die laste van die hoofonderwyser, veral by die groter skool, baie swaar geword het, is eers assistentonderwysers, spesiale graad, later skribas en uiteindelik onderhoofde aangestel.

Vertoë van die S.W.A.O.U. en 'n aanbeveling van die Onderwyskommissie kon nog nie daarin slaag om klerklike hulp aan skole beskikbaar te stel nie. Versoeke om blanke opsigters by groter skole aan te stel het ook

nie geslaag/ ... 136

---

1. Jaarrapport, 1943: Rapport van Inspekteur van Skole, Suid, 3.
2. Id., 1948: Rapport van Inspekteur van Skole, Suid, 3.
3. Id., 1950, 10.
4. Id., 1950, 11.

nie geslaag nie.

Die interne skoolprogram was ondergeskik aan die skoolkalender, wat deur die Departement opgestel word. By die opstel van die kalender moes die Direkteur met sekere vereistes van die wet rekening hou. Versoeke van die kant van die Duitse gemeenskap dat sekere Christelike feesdae in aanmerking geneem moes word, het meegewerk dat daar 'n geruime tyd nie 'n skoolvakansie tussen die eerste en tweede kwartaal was nie.

Baie jare lank het skole na vakansies op Maandae heropen. Besware deur die onderwysers, die ouers en die Kerk het uiteindelik 'n verandering teweeggebring sodat skole voortaan op Dinsdae sou heropen. Die sluitingsdag asook die teenwoordigheid van leerlinge op die laaste skooldag was meermale ter sprake. 'n Gebruik by Duitse skole om op Saterdae skool te hou het nie by die staatskole inslag gevind nie.

Volgens die Onderwys Proklamasie moes daar vyf uur per dag en 25 uur per week skoolgehou word. Hiervan is ten opsigte van die substanderds afgewyk. Die opstel van die daaglikse skoolrooster is die verantwoordelikheid van die skool mits aan sekere voorskrifte van die Departement voldoen word.

Die gee van huiswerk is aan die diskresie van die onderwysers oorgelaat, met dien verstande dat aan die substanderds geen huiswerk gegee mag word nie. Hierdie beperking is in 1953 tot standerd II uitgebrei.

Die hou van werkskemas en 'n weeklikse verslag was die minimum wat die onderwyser ten opsigte van verslae moes doen. In 1935 is breedvoeriger werkskemas verlang en in die veertigerjare is ook klem op daaglikse skriftelike lesvoorbereiding gelê. Werkskemas, verslagboeke en lesvoorbereidingsboeke is nog in gebruik.

Geleidelike vordering is met die gebruik van oudiovisuele apparaat gemaak. Die prentkaarte het vir die gebruik van moderne opvoedkundige hulpmiddele plek gemaak.

Die aankoop van skoolboeke en skryfbehoeftes vir die gebruik van leerlinge is die verantwoorde-

likheid van die ouer. Finansiële steun deur die Staat is beskikbaar in die geval van behoeftige leerlinge. Ten spyte van skoolbiblioteke is daar 'n groot agterstand om in te haal.

Skole het op die gebied van buitemuurse bedrywighede, kulturele sowel as sport-, goeie ontwikkeling en vordering getoon. Ook spreek die fondsinsamelings deur skole van toenemende belangstelling van ouers in die skole.

HOOFSTUK VI/ ....138